SENWESBEL BEPERK

(GEïNKORPOREER IN DIE REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA)

Registrasienommer 1996/017629/06

("Senwesbel of "Die Maatskappy")

AANKONDIGING VAN 'N VRYWILLIGE AANDEELTERUGKOOPPROGRAM 2015

Die Senwesbel direksie stel aandeelhouers hiermee in kennis dat daar besluit is om 'n Terugkoopprogram te loods ten einde gewone aandele in Senwesbel ("Senwesbel Aandele") terug te koop via 'n filiaal van die Maatskappy, vanaf 16 Januarie 2015 tot 30 April 2015 ("die Terugkoopprogram"). Die Terugkoopprogram word geïmplementeer met die doel om 'n ontsluitingsgeleentheid te skep vir spesifieke aandeelhouers as deel van 'n loslot-aanbod. Enige terugkope in terme van die Terugkoopprogram sal gedoen word ooreenkomstig die spesifieke magtiging verleen by wyse van 'n spesiale besluit geneem deur aandeelhouers by die Maatskappy se algemene jaarvergadering gehou op 2 Oktober 2003 en ooreenkomstig artikel 48 van die Maatskappywet, 71 van 2008, soos gewysig. Senwesbel aandeelhouers wat minder as 5 000 aandele hou en aandele wat gehou word in bestorwe en insolvente boedels, sal genooi word om aan die Terugkoopprogram deel te neem.

In terme van die Terugkoopprogram, sal die aankoopprys per Senwesbel Aandeel R8,00 (agt Rand) per aandeel beloop. Die maksimum totale bedrag wat die Maatskappy beskikbaar sal stel vir die Terugkoopprogram sal R12 miljoen beloop, ongeag die aantal Senwesbel aandele wat teruggekoop word, terwyl die maksimum totale aantal Senwesbel aandele wat teruggekoop sal word, minder as 1% (een persent) van die totale uitgereikte Senwesbel aandele sal beloop.

'n Skriftelike uitnodiging om aan die Senwesbel Terugkoopprogram deel te neem sal aan die betrokke aandeelhouers wat as sulks geregistreer is op die rekorddatum van 15 Januarie 2015, gestuur word.

OP LAS VAN DIE DIREKSIE

AE Scholtz (Mnr)
Maatskappysekretaris
4 Desember 2014

DIREKTEURE: AJ Kruger (Voorsitter), NDP Liebenberg (Ondervoorsitter), JDM Minnaar, JJ Minnaar, TF van Rooyen, WH van Zyl, Mpy.Sekretaris AE Scholtz

1 Charel de Klerk Straat, KLERKSDORP, 2571, Tel: +27 18 464 7800, Faks: +27 18 462 4873
Posbus 31, Klerksdorp, 2570